**Laat jou lig so skyn!** **OMGEEGROEPE** **1-7 Maart 2015**

1. LIEF EN LEED

   Deel met mekaar jul lief en leed met die oog op danksegging, voorbidding en smeking.

2. INGENOOI IN GOD SE TEENWOORDIGHEID

   Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid en bid saam.

3. LUISTER NA GOD UIT SY WOORD

   Lees Matteus 5:14-16 en Galasiërs 5:22. Deel in die groep julle indrukke van die gedeeltes van mekaar.

4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD

   Hoe moet ons die gedeeltes in ons leefwêreld toepas? Fokus spesifiek op die praktiese toepassing van die vrug van die Gees!

5. LUISTER WEER NA GOD SE WOORD

   Wat sê Matteus 5:14-16 en Galasiërs 5:22 vir ons verhoudinge en optredes teenoor mense?

6. FOKUS OP WAT GOD DOEN

   Hierdie gedeelte bevestig aan ons hoe belangrik dit is dat ons ligdraers van die Groot Lig moet wees.

7. ANTWOORD MET JOU LEWE

   Laat ons ligdraers wees wat van die Lig getuig!

8. BID SAAM waarin die Heilige Gees julle lei.